# Boekbespreking

**Van der MERWE, PROF HJ – Verwagting en voleinding**

N G Kerkboekhandel Pretoria, 1981; 166 bladsye; prys R7,50

Die skrywer is professor in Dogmatiek aan die Universiteit van die Noorde. Die titel van hierdie boek gee die inhoud van die boek baie goed weer, want dit is inderdaad die skrywer se bedoeling om die eskatologie-lyn wat dwarsdeur Ou en Nuwe Testament loop, na te gaan waar dit leef as verwagting by die gelowiges tot waar dit uitloop op die uiteindelike voleinding. Die hoofstuk- en onderafdelingindeling gee die temas, wat by 'n uitlig om die eskatologiese lyn te trek, baie duidelik weer. Dit is soos volg:

Hoofstuk I met as titel die toekomsgerigtheid van die Ou Testament en as onderafdelings: voleinding méér as skepping; werklike oorsprong van die toekomsverwagting lê in die sondeval; geloof is toekomsgerig, sonde, verganklikheid en dood; teokrasie en toekomsperspektief; die lydende kneg van die Here en die koms van die koninkryk.

Hoofstuk II met as titel die struktuur van die eskatologie in die Nuwe Testament en as onderafdelings: Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane; die sender van die Heilige Gees; die voleinder.

Hoofstuk III met as titel die tyd "tussen die tye". Lig en skadu en die titel vorm tegelyk die eerste onderafdeling se titel; die tweede onderafdeling is Kerk en sending.

Hoofstuk IV met die titel: die weerkoms van Christus – die voleinding.

Hy maak redelik sterk gebruik van die belofte – vervullingskema om die eskatologiese lyn te trek. In die lig van die jongste eksegetiese menings kan sommige eksegete hier 'n vraag of twee vra, maar die skrywer se saak lyk vir my goed gefundeerd.

'n Mens neem die boek met groot verwagtinge ter hand en is in baie opsigte nie teleurgesteld nie. Die eerste saak wat opval, is dat 'n mens nooit die indruk kry dat dit 'n dogmatikus is wat hier spreek nie in die sin van iemand wat die starre en geykte leerstellings aan die woord stel nie, maar dat dit iemand is wat net een begeerte het en dit is om die Bybel self na die boodskap daarvan sistematies aan die woord te stel.

Bogenoemde vloei daaruit voort dat die skrywer hom in sy dogmatiese besinning laat lei deur die resultate van die eksegese op die gebied van die Ou- en Nuwe-Testamentiese Wetenskap. Dogmatici word van tyd tot tyd daarvan beskuldig dat hulle hul meer laat lei

deur hulle dogmatiese vooroordeel eerder as deur wat daar werklik in die teks van die Bybel staan. Hier is een dogmatikus wat 'n eerlike poging aanwend om so 'n verwyt te vermy en dit is beslis 'n sterk punt van hierdie boek.

Die lees van die boek word ook veraangenaam deur die blywende indruk dat dit 'n gelowige, vir wie sy geloof 'n saak van erns is, wat hier aan die woord is.

Hoewel hy sy studiemateriaal eerlik en wetenskaplik objektief benader, kry mens nooit die indruk wat 'n mens by sommige hedendaagse teoloë kry dat hy hom daarin verlekker as hy die geleentheid sou kry om wat as tradisionele en gevestigde teologiese opvattinge geld, af te kraak nie. Hy het net een doel en dit is die opbou en sekerheid van die geloof.

Die skrywer benader sy onderwerp nie in wetenskaplike abstraksie en in vervreemding van die lewe nie. Dit is baie duidelik dat hy in sy eie bestaan die saak deurworstel het. Dit kom baie duidelik na vore in 'n besliste sterk punt van die boek, naamlik dat hy ook probeer weergee hoe digters, skrywers en filosowe uitdrukking gegee het aan die worsteling van die mensheid met die probleme wat in die eskatologiese verwagting na vore kom. Juis deur hom nie te beperk tot die uitspraak van die Bybel alleen nie, het hy die waarde van dit wat die Bybel wel sê duideliker tot die gelowige in sy daaglikse lewensgang laat spreek. Sy belesenheid in dié opsig is opvallend.

Dit is miskien juis as gevolg van die werkwyse van die skrywer dat dit dwarsdeur die boek duidelik word dat hy sy stof benader met die oog van 'n prediker wat stof vir die prediking wil lewer en ook die blye boodskap aan die gemeente wil oordra.

Die skrywer se wye belesenheid in die teologiese literatuur is nog 'n baie opvallende kenmerk – veral ook op eksegetiese gebied. Die skrywer het sy onderwerp beslis wydgaande en diep bestudeer en juis dit verhoog die waarde van die werk.

Ongelukkig is daar ook negatiewe aspekte in die opset van die boek. Die skrywer probeer die goue draad van die eskatologie: verwagting en voleinding, wat dwarsdeur die hele Bybel loop, aandui. Hy voor egter sy onderwerp so wyd aan en is so breedvoerig in sy aanpak dat die goue draad dreig om verlore te gaan onder talle ander drade wat van die kant af heen daaroor geweef is. Die eintlike onderwerp vervaag soms tot 'n vaal soomraad.

Hierby kom nog dat hy die gewoonte het om baie lang aanhalings (soms langer as 'n bladsy te gee). Dit skep die indruk dat die skrywer nie veel moeite gedoen het om die stof self deeglik te verwerk en helder te formuleer watter kerngedagte hy daaruit wil neem nie. Die feit dat baie aanhalings in Duits is (heel aanvaarbaar vir 'n teolo-

giese werk) maak die boek wel ook in 'n groot mate ontoeganklik vir die leek met 'n teologiese belangstelling.

Die gevolg van die beide bogenoemde punte van kritiek is dat 'n mens plek-plek die boek met 'n taamlike mate van konsentrasie moet lees om die gedagtelyn van die skrywer te behou, en verder ook dat 'n mens, nadat die boek deurgelees is, met 'n gevoel van ontevredenheid sit dat nog iets kortkom, dat daar nog iets meer of dalk anders gesê moes gewees het.

Ten spyte van die kritiek is die boek tog 'n goeie bydrae tot die Afrikaanse teologiese literatuur en wil ons dit graag aanbeveel vir belangstellendes.

Nog 'n laaste opmerking oor die druk en bindwerk van die boek: die bindwerk lyk nie so stewig as wat 'n mens dit wil hê nie en die papier waarop die boek gedruk word, gee nie 'n indruk van gehalte nie. Tog as 'n mens die relatiewe lae prys van die boek in ag neem, behoort 'n mens nie te kla nie.

**DJ Smith**

**Werkgroep Kerk en Prediking (redaksie) Postille 1981-1982**

Boekencentrum, 's-Gravenhage

Dit is reeds 'n geruime aantal jare dat die betrokke jaar se *Postille* in HTS aangekondig word. Van alle preekbundels en preeksketse wat beskikbaar is, is die *Postille* vir ons die bekendste. Die feit dat hierdie bundels onder redaksie van die Werkgroep Kerk en Prediking van die Nederlandse Hervormde Kerk staan, het deur die jare vir 'n werklik hoë peil gesorg.

Soos in vorige jare word *Postille 1981-1982* ook ingelei deur 'n artikel wat aktueel vir die prediking is. Vanjaar se artikel handel oor "Verkondiging en Film". Die eerste deel van die artikel word gewy aan 'n baie kort geskiedenis van die film en die film as kunsvorm, wat nie juis veel sê nie.

Werklik van belang is die paar bladsye wat op bl 14 begin oor die tema "Preek en Film", 'n tema waaroor ons eie Kerk nog te min nagedink het. 'n Taamlik uitgebreide en baie nuttige literatuurlys oor die tema word bygevoeg.

**PS Dreyer**

**J van Bruggen – Het Amen der Kerk. De Nederlandse Geloofsbelijdenis toegelicht**

7de druk, Ton Bolland, Amsterdam, 1980

Hierdie is die sewende, ongewysigde druk van die bekende werk. Dat die boek nou weer beskikbaar is, is verblydend. Ons ouer predikante ken die werk goed en die feit dat dit nou meer vryelik beskikbaar is, stem ons tot dankbaarheid.

**PS Dreyer**

**Rien Roos – Dan zullen de bomen des wouds jubelen voor de Here ...**

Boekencentrum, 's-Gravenhage, 1982

Die boek bestaan uit sowat vyftig volbladfoto's in swart en wit. Al die foto's het as onderwerp bome, bosse, boomstompe, yl takke wat opwaarts strek en so meer.

By elkeen van die foto's is 'n teks uit die Bybel. Die foto's is uitstekend geneem en afgedruk en die tekste is buitengewoon treffend, sodat die geheel baie sterk tot 'n mens spreek. Onwillekeurig dink jy aan die talle plekke waar beelde uit die natuur in die Bybel gebruik word. Die geheel staan onder die oorkoepelende gedagte:

> Mij spreekt de boom een tale
> mij is de twijg beleefd
> mij groet het altemale
> wat God geschapen heeft.

**PS Dreyer**

**EPJ Kleynhans – Gereformeerde Kerkreg. Deel 1. Inleiding.**

NG Kerkboekhandel Transvaal, Pretoria 1982; 90 bl; prys R7,50.

Hierdie inleiding tot die studie van die Kerkreg uit die pen van die Vrystaatse teologiese hoogleraar, is 'n handige en bruikbare boek, veral vir studente en diegene wat vir die eerste maal met die vak kennis wil maak. Tot op hierdie stadium was dit hoofsaaklik H Bouwman se massiewe, tweedelige *Gereformeerd Kerkrecht* wat vir dié inleidingskwessies genader moes word. Tot op sekere hoogte volg Kleynhans wel Bouwman se voetspoor, maar aan die ander kant behandel hy ook ander ter saaklike materiaal.

Die boek bestaan uit ses hoofstukke: 1. Begripsbepaling – Kerk en Kerkreg; 2. Die Opkoms van Kerkreg as 'n Teologiese Wetenskap; 3. Die Skriftuurlike Grondslag vir die Beoefening van Kerkreg; 5. Indeling en Plek in die Teologiese Ensiklopedie; en 6. Historiese Stelsels van Kerkregering.

Oor die algemeen gee Kleynhans duidelike en helder begripsomskrywings, sonder dat hy veel bespreking daaraan wy. In sommige gevalle verwys hy slegs na addisionele materiaal wat geraadpleeg kan word, soos op bladsy 13–17 waar 'n lang lys van gepubliseerde werke gegee word wat ten opsigte van die Kerkreg belangrik is. Opvallend is dat voortdurend menings van verskillende kerkregskrywers aangehaal word, sonder dat, deur middel van 'n beredenering, dit altyd duidelik is wat die skrywer se eie opvatting is. So maak die werk hier en daar die indruk dat dit nie veel meer as 'n kompilasie is nie.

'n Vraag wat met die lees van Hoofstuk 6 na vore gekom het, is of dit nog korrek is om die 1816-*Algemeen Reglement* van Nederland as kollegialisties te tipeer. Gewoonlik word, op die voetspoor van Kuyper en CJH de Wet, aanvaar dat dit kollegialisties is en dat daarom die kollegialisme ook in Suid-Afrika deur middel van die 1824-Algemeen Reglement invloed verkry het.

Sorgvuldige navorsing toon egter dat die Algemeen Reglement van 1816 weinig spesifiek Duitse kollegialisties invloede ondergaan het, maar eerder steun op De Groot se opvattings oor die verenigingsreg. Kuyper se omskrywing van die kollegialisme, wat algemeen as gesaghebbend aanvaar word, getuig egter nie daarvan dat hy 'n besonder eksakte kennis van dié Duitse kerkregtelike teorie gehad het nie.

So groot is Kuyper se invloed in bepaalde kringe in Nederland en Suid-Afrika dat sy mening sonder meer nagepraat word.

Die omskrywing van die begrip kollegialisme, soos Kleynhans dit gee, maak 'n ouderwetse indruk omdat dit die jongste navorsingsresultate nie genoeg verdiskonteer nie. So het Honecker se navorsing ook al uitgewys dat FD Schleiermacher as 'n werklike verteenwoordiger van die kollegialisme as kerkregtelike sisteem beskou kan word nie.

Samevattend kan egter gestel word dat hierdie werk as 'n inleiding tot die studie van die Kerkreg baie goed gebruik kan word. Vir die meeste teologiese studente sal dit 'n onmisbare boek wees.

**AD Pont**

**AC Barnard en ander – Die Diens van Barmhartigheid in Skrif en Praktyk**

Uitgewers – NG Kerk Boekhandel; prys R3,95; 68 bladsye.

Hierdie publikasie is saamgestel uit referate wat gelewer is by die jaarlikse kursus vir predikante deur die Teologiese Fakulteit (Afd.B) van die Universiteit van Pretoria, wat saamval met die opening van die Fakulteit aan die begin van 1982. Die mening van afsonderlike skrywers is nie noodwendig die mening van die Ned Geref Kerk nie.

Die werk bestaan uit ses hoofstukke, waarin die hoogs aktuele aangeleentheid van die kerklike diakonaat, vanuit verskillende vertrekpunte bespreek word. Die eerste twee hoofstukke handel oor die Skriftuurlike fundering van die diens van barmhartigheid in die Ou en Nuwe Testament. Die gedeelte wat handel oor die Nuwe-Testamentiese is baie kursories en laat nog baie vrae onbeantwoord. Die derde hoofstuk behandel die Bybelse en historiese plek van die diakenamp met verwysing ook na die vrou in die amp. Die vierde en vyfde hoofstukke handel onderskeidelik oor krisisdiakonaat en die gestaltes van missionêre diakonaat. In hierdie twee hoofstukke betree die skrywers 'n sensitiewe teologiese terrein vanweë die gelaaide waarde van die begrip diakonaat in moderne teologieë. Die sake word versigtig gehanteer en prikkelende gedagtes word uitgespreek. Nogtans bemerk 'n mens tog die gevaar tussen die reëls dat die hele kerklike verkondiging in diakonaat kan opgaan. Die slothoofstuk handel oor die diens van barmhartigheid in toekomsperspektief, waarin die skrywer op 'n verantwoordelike wyse die verskillende arbeidsterreine vir die diakonaat in die toekoms uitstippel.

Die publikasie is 'n stimulerende bydrae tot die kerklike besinning oor en uitvoering van die diakonale opdrag.

**TFJ Dreyer (jr)**

**L Floor – Die Evangelie van die Koninkryk. Vyf aspekte**

NG Kerkboekhandel; Pretoria 1981; 100 pp.

Soos reeds uit die subtitel van hierdie werk afgelei kan word, word hierin vyf aspekte van die begrip koninkryk van God aan die orde gestel en bespreek. Hierdie vyf aspekte, voorafgegaan deur 'n hoofstuk oor die Joodse agtergrond van die begrip, is die volgende: die persoons-aspek, die Woord-aspek, die Gees-aspek, die kerklike

aspek en die sosiale aspek. Dit is egter nogal verrassend om te sien watter sake onder bepaalde aspekte aan die orde gekom het.

Formeel maak die werk 'n goeie indruk en is dit in 'n goeie idioom en vloeiende styl geskryf. Al wat in hierdie opsig werklik hinderlik was, is dat die skrywer so dikwels in die teks verkies het om te "spreek" in plaas van gewoonweg te "praat".

Die skrywer het 'n onderwerp aangepak wat, soos die meeste van ons weet, in die geskiedenis van die teologie en eksegese een van die mees omstrede is. Juis om hierdie rede verdien hy ons bewondering maar beslis ook ons simpatie. Hoewel hy van 'n metode gebruik gemaak het wat meer tradisioneel is en hedendaags minder aanvaarbaar, het hy tog in bepaalde gevalle met mooi en verrassende dinge na vore gekom. Ons dink hier veral aan die gedeelte oor die strukture (50 e.v.). Wat verder prysenswaardig is, is dat die skrywer die koninkryk van God en wat daarmee saamhang en soos hy dit verstaan het, so aktueel as moontlik probeer maak het vir kerk en wêreld in die hede.

Benewens die feit dat 'n mens eksegeties op 'n aantal punte van die skrywer kan en sal verskil, is die gewigtigste punt van kritiek juis in te bring teen die metode waarvan die skrywer hom bedien het, sowel as dit wat ten nouste daarmee saamhang, naamlik sy Skrifhantering. Die skrywer gee die indruk dat hy nie wou kennis neem van die feit dat ons in die Nuwe Testament met 'n verskeidenheid van corpora te make het nie. Hy gee ook die indruk dat hy nie wou kennis neem van die resultate van die krities-eksegetiese metodes soos vorm- en redaksiekritiek nie.

Die bronne wat gebruik is, bevestig verder dat die skrywer aan die "konserwatiewe" kant wou bly met sy ondersoek.

Dit is egter vandag net nie meer verantwoordbaar om na 'n begrip in die Bybel ondersoek in te stel, sonder om minstens eers te vra na die betekenis daarvan, soos dit in die verskillende corpora tot uitdrukking gebring word nie. Dit is eenvoudig nie legitiem om die verskillende getuienisse te hanteer asof hulle harmonieus in 'n koor saamsing oor 'n bepaalde onderwerp nie. Ons kan die feit dat die Sinoptiese tradisie veel van die koninkryksbegrip maak en ander geskrifte nie, nie so maklik verbygaan nie. Ons kan ook nie sommer aanvaar dat alles wat in die Nuwe Testament oor die koninkryk gesê is, bedoel was om soos die stukke van 'n legkaart in 'n groter geheel te pas nie. Die inhoud of betekenis of wese van die koninkryk van God is daarom nie gelyk aan die somtotaal van die Nuwe Testament se uitsprake daaroor nie. Ons kan byvoorbeeld dus nie beweer dat wedergeboorte 'n voorvereiste vir toegang tot die koninkryk is wanneer, slegs die Johannes-evangelie hierdie vereiste stel, en die ander nie. Ons kan alleen sê dat hierdie vereiste in die Johannes-evangelie gestel word.

Terwyl dit onmoontlik is om binne hierdie bestek op besonderhede in te gaan, word tog slegs op een geval gewys waar die niekennisname van vormhistoriese en literêr-kritiese resultate gelei het tot 'n onhoudbare gevolgtrekking. Op bladsy 17 betoog die skrywer dat daar 'n omgekeerde orde op te merk is by skepping en herskepping onderskeidelik: by die skepping begin alles by die aarde en eindig by die mens, by die herskepping begin dit by die mens ensovoorts. Hierdie aanname berus natuurlik slegs op die skeppingsberig van Genesis 1:1 – 2:4[a]. Hoe egter gemaak as ons by die skeppingsberig van Genesis 2:4[b] e.v. kom? Dit lyk redelik seker dat die mens volgens hierdie berig vóór die ander dinge geskep is.

Ten slotte nog dít. Hoewel ons seker almal bewus is van die problematiek rondom die vraag of die koninkryk 'n presentiese of futuristiese grootheid is, kan 'n mens nie anders as om die gevoel te kry dat die skrywer die koninkryk te sterk in híérdie wêreld en tyd ingetrek het nie. Voeg hierby dat die koninkryk voorgestel word as iets wat besig is om homself in hierdie wêreld algaande te realiseer. Ek dink nie almal sal hiermee saamstem nie. Maar dan moet ons in alle billikheid toegee dat dit uiteindelik juis afhang van 'n mens se eie interpretasie van wat die koninkryk van God is. En hierdie saak is in baie opsigte steeds sonder konsensus en eksegeties wawyd oop.

Behoudens hierdie paar punte van kritiek word die werkie egter aanbeveel, nie alleen ter wille van heelwat kosbaarhede daarin nie, maar ook met die oog daarop dat dit besinning en diskussie oor hierdie onderwerp verder kan stimuleer.

**GMM Pelser**

**Pont, AD – Die Historiese Agtergronde van ons Kerklike Reg.**

Akademiese handboeke, deel 1; HAUM, Pretoria-Kaapstad, 1981; 279 pp.; R22,00.

Hier is 'n studie waaroor kerkregtelikes en kerkhistorici, eintlik meelewende lidmate, opgewonde kan raak. Dit gaan oor ons "gereformeerde lewenstyl", soos die skrywer (of is hy "studieleier?") dit op 'n plek noem. Dit is meer as 'n vakgebied. Dit is soos die Woord en die Gees met ons vadere omgegaan het in die kerk waarin Calvyn geroepe was om 'n dienswerk te lewer, die kerk wat in die Nederlande as "publiek religie" ingeklee is. Dit is 'n "akademiese studie" van wat die lidmaat van die Afrikaanse kerke is, of liewer moet wees.

Soos die titel aandui, is daar twee kante, wat agtereenvolgens

behandel word, 'n historiese deel en 'n kerkregtelike behandeling. Die inleidende opmerking dui die opset en benadering aan. Allereers word gevra: "Wat is die sin van die verlede?" Dan word die sin en verhouding "Skrif en Kerkorde" nagegaan. Met die Skrif en die belydenis as "toetssteen" word die verlede bymekaar gemaak om die struktuur en grondbeginsels van die presbiteriale kerkregering en -reg te stel (*cf* 55ff). Onmiddellik by die lees van die studie val twee deurlopende aspekte op: die professor het sy huiswerk gedoen en voorsien die student met wat oor elke onderwerp geskrywe is, *en* hy dring deur tot duidelike en sinvolle definiëring. Voordat hy een na die ander kerkorde histories nagaan, die inhoud daarvan gee, en met kantaantekeninge voorsien, bespreek hy die begrip om dit kortliks te omskrywe: "Die kerkorde wil dus, vanuit die Skrif, soos verstaan deur die belydenisskrif, die lewe van die liggaam van Christus, in 'n verantwoorde orde plaas" (p 10).

In die eerste deel kom een na die ander kerkorde, grondliggend aan die presbiteriaal-sinodale tradisie in Nederland, aan die orde. Dit loop uit op 'n pragtige aanwins vir ons Afrikaanse teologiese literatuur. Dit begin by "Die Londense Kerkorde van 1554" en eindig met "Die Nasionale Sinode van Dordrecht, 1618-1619" (pp 19-189). Die Kerkorde van Dordt word tereg "beskou as die samevatting van die presbiteriaal-sinodale kerkregtelike sisteem, soos dit in Nederland vanuit die breëre agtergrond van die Calvinisme ontwikkel het ..." (p 188). Selfs die teks van die kerkordes wat 'n bepalende invloed uitgeoefen het, word gegee,te wete dié van "Die Ordonnances Ecclesiastique van Genèva", "Die Discipline Ecclesiastique van 1559", "Die Convent van Wezel 1568", "Die Nasionale Sinode van Emden 1571", "Die kerklike orde ontwerp deur die state van Holland en Zeeland, 1576", "Die nasionale sinode van Dordrecht, 1578" en "Die Sinode van Dordt 1618-1619". Daarmee word dit 'n naslaanwerk – wat ook in Nederland sal verkoop.

In die tweede deel word 'n "oorsig van die belangrikste beginsels van die presbiteriaal-sinodale sisteem van kerkregering" gegee (pp 190-279).

Met 'n histories-prinsipiële oriëntering gaan dit dan om: die dienste of ampte, die vergaderings, die leer, die sakramente en die ander seremonies, die sensuur en die kerklike vermaning en ten slotte, die verhouding tussen kerk en owerheid volgens die Nederlandse kerkregtelike opvattings.

Eintlik is dit meer as 'n oorsig, dit is 'n uiteensetting, en daardeur 'n vertolking van die uitgangspunt van hierdie benadering, naamlik dat Jesus Christus as Hoof en Heer van sy kerk tereg moet kom (pp 192ff).

Juis vanweë hierdie benadering is hierdie studie nie net 'n naslaanwerk en handleiding vir die Ned Herv Kerk nie, maar vir al drie

die Afrikaanse kerke. Daar is telkens verwysing na "ons kerk" en aksente eie aan die eie kerk, maar die polemiese of apologetiese benadering, so kenmerkend van die Afrikaanse kerke ten opsigte van die kerkregering en -reg, is agtergelaat. Die aksent is op die agtergrond wat hierdie drie kerke bind, en op die Skrif en belydenis (*cf* pp 239-243) waarmee elke kerk voortgaande homself moet verantwoord.

In ondergeskikte punte huiwer die skrywer nie om sy eie weg te gaan nie. Byvoorbeeld artikel 2 van die "Ordonnances ecclésiastiques" vertaal hy soos volg: "Ten eerste is daar vier *ordes* en soort van dienste . . ." (p 23). WF Dankbaar vind hier al die invloed van Martin Bucer op Calvyn ten opsigte van die doktore-amp en vertaal: "Er zijn vier soorten *ambten* (ordres d'offices) . . ." (Het doctorenambt bij Calvijn", in *Hervormers en Humanisten,* Amsterdam, 1978, 153-183, 153). Pont haal die teks van 1561 aan, Dankbaar 1541, maar hy (Pont) sê dan onder andere artikels 1-11 is "net so uit die orde van 1541 oorgeneem" (p 22).

Hierdie studie gaan 'n standaardwerk raak – en sy invloed sal al drie kerke op hulle eie en onderling ten goede kom. By 'n herdruk sal dit goed wees as daar 'n register oor *sake en persone* opgeneem kan word.

**E Brown**

**Heinz Flügel – Im Schatten des babylonischen Turms, Nachgezeichnetes und Unterzeichnetes, Evangelisches Verlagswerk,** 1980, 236 bladsye; prys ongeveer R11,65.

Hierdie is een van daardie boeke wat mens met traagheid opneem, en dan uiteindelik met nog groter traagheid neersit. Wat aanvanklik beloof om uiters vervelig te wees, word, hoe verder daar gelees word, al meer onderhoudend en aangrypend. Wanneer daar kláár gelees is, kyk mens dan ook daarna terug met 'n gevoel van genoegdoening.

Flügel is 'n literator, 'n woordkunstenaar van meer as net gemiddelde formaat, voorheen aan my onbekend, maar nou amper bemind. Die boek voor ons is in die vorm van 'n versameling essays, waarin diepsinnige lewensvrae aan die orde gestel word. Die volgende seleksie van titels gee enigsins 'n aanduiding van temas wat aangesny word: "Schwierigkeiten mit Gott"; "Warten – worauf?"; "Hiob in der Gegenwartsliteratur"; "Begegnungen mit dem Bösen in der neueren Literatur"; "Als Pfarrer in der Gehenna".

Dit is opvallend dat bogenoemde almal teologiese temas is. Flügel is egter nie 'n vakteoloog nie. Hy is 'n letterkundige, wat as letterkundige, kyk na die behandeling van teologiese temas in die wêreld-

letterkunde. Juis hierin lê die waarde van hierdie boek vir die teoloog. Dit bied hom die geleentheid om te sien hoe probleme, wat sy daaglikse spys en drank is, van 'n ánder kant benader word. Die benadering is totáál anders, want "in die Literatur handelt es sich grundsätzlich nicht um Glaubensbekenntnisse, sondern um Selbstbekenntnisse, also um unkonfessionelle Konfessionen. Vergegenwärtigung, aber nicht Verkündigung ist ihr Geschäft" (aldus Flügel self op bladsy 79). Flügel se besondere begaafdheid is nou juis om hierdie "Selbstbekenntnisse" en "Vergegenwärtigung" van bepaalde temas in die letterkunde te isoleer, te versamel, met mekaar te harmoniseer en om te bou tot 'n eenheid wat nie net letterkundig nie, maar ook wetenskaplik bevredig.

Dit beteken egter nie dat mens saamstem met alles wat hy skryf nie. Somtyds lees mens met groot instemming – soos wanneer hy dit het oor menslike verwagting. Verwagting is 'n kenmerk van die mens, en dit vul die tyd, gee daaraan betekenis. Tyd sonder verwagting is kwaliteitlose, bloot kwantitatiewe, en gevolglik nuttelose tyd. Alle verwagting in die positiewe sin van die woord is heilsverwagting. Maar heilsverwagting wat iets beteken, is verwagting van God – in geloof en op grond van sy beloftes. Wanneer hy dit het oor Job ("jedem Jude sei heute bewuszt, dasz Hiob das jüdische Volk verkörpert – p 66), en die raaisel van lyding, kom hy tot 'n pragtige gevolgtrekking: Daar is nie 'n verklaring vir die lyding nie – net 'n verhouding daarteenoor. Verhouding teenoor lyding is immers (vir die gelowige) 'n verhouding (worsteling) met God, en daar moet in hierdie verhouding ruimte wees vir die geheimenis en irrasionaliteit van God. "... eine theologische Erklärung des Leidens würde Gott nur immer wegerklären" (p 77). Dan kom daar egter kere waar daar nouliks nog saamgestem kan word. Dit is kere wanneer dit duidelik word dat Flügel nog baie swaar dra aan die Duitse volkskuld, dat Auschwitz in sy denke naastenby dieselfde rol vervul as wat die groot aardbewing van Lissabon in die denke van 'n vroeëre tyd vervul het en dat hy gevolglik toelaat dat dit sy hele denke oorheers. In "Schwierigkeiten mitt Gott" lê hy dan ook, met hierdie agtergrond in gedagte, baie sterk klem op die afwesigheid van God in die geskiedenis en pleit hy, op tipiese aktivistiese styl, dat òns Hom deur ons aktiwiteit aanwesig moet maak. Wat hierdie aktiwiteit impliseer, word duidelik wanneer hy stel dat Jesus nie daar te vinde is waar die kerk Hom nog altyd wou sien nie, maar in die geselskap van diegene wat stry vir geregtigheid. Hieruit word dit duidelik dat die teologie van die rewolusie 'n stempel op hom afgedruk het. Dit word óók duidelik wanneer hy dit in "Im Schatten des babylonischen Turms" het oor taalverskeidenheid en veral taaldwang. Uit Genesis 11:14 "Laat ons vir ons 'n naam maak", maak hy die afleiding dat die éintlike sonde van die toringbouers dit was dat die maghebbers dáár

die proletariaat verdruk het, en dat hulle die taal hiervoor gebruik het. Die taalverwarring is dus te waardeer as die verlossing van hierdie onderdruktes – die taal kon nie meer gebruik word om hulle te verslaaf nie.

Ten spyte van hierdie kritiese opmerkings, wat nog vermeerder sou kon word, bly dit 'n baie lesenswaardige boek. Dit sal veral vir die teoloog verhelderend wees om te sien hoedat letterkunde met dieselfde vraagstukke as hý worstel en hy mag selfs 'n verhelderende insig of twee bekom.

GCV

**Dr J Douma en WH Velema – Polio – Afwachten of Afweren?**

Hierdie publikasie is die vyfde in die reeks "Ethisch Kommentaar", uitgegee deur Bolland, Amsterdam 1979. Die werk beslaan 134 bladsye, met 'n uitgebreide literatuurlys aan die einde en 'n voorwoord deur mev E Veder-Smit, Staatssekretaris van Volksgesondheid.

Die publikasie het sy ontstaan te danke aan die feit dat gedurende 1978 in sekere dele van Nederland 'n "polio-Explosie" uitgebreek het. Die woord "explosie" in plaas van epidemie word gebruik, omdat daar in totaal slegs 110 gevalle aangemeld is, waaronder 1 sterfgeval. Alhoewel dit in verhouding tot die geheel van die bevolking 'n klein persentasie is, het dit baie openbare aandag geniet vanweë die feit dat al die slagoffers uit die kringe van bepaalde Protestantse (gereformeerde) kerke kom. Die polio-slagoffers is uit dié kringe afkomstig mede as gevolg van hulle prinsipiële weiering van polio-inenting. Die kringe waarin die prinsipiële besware voorkom, is die volgende: die Gereformeerde Gemeentes in Nederland en Noord Amerika, die Gereformeerde Gemeentes in Nederland, die Oud Gereformeerde Gemeentes, die "Bewaar het Pand"-rigting binne die Christelik-Gereformeerde Kerke en die Gereformeerde Bond binne die Nederlandsch-Hervormde Kerk. Veral in die streke waar sterk konsentrasies van hierdie groeperinge woon, het poliogevalle voorgekom. Die werk is 'n poging om die prinsipiële besware van hierdie groepe vanuit die Christelike etiek te evalueer.

Die beswaar teen die polio-inenting kan eers reg waardeer word in die historiese konteks van die pokke-epidemies en gevolglike pokke-inenting. Rondom die pokke-inenting het die probleem ontstaan dat dit siekmakend van aard was met 'n sterk moontlikheid van meningitis. Die oorsprong van die huidige verset moet aan die begin van die 19de eeu gesoek word by manne soos W Bilderdijk en A Capadose, wat heftig teen pokke-inenting te velde getrek het.

Alhoewel die moderne metodes van polio-inenting grotendeels die siekmakende gevaar geëlimineer het, kan die prinsipiële besware daarteen teruggevoer word na die stryd rondom die pokke-inenting.

In hooftrekke kom die besware daarop neer dat in vertroue op die voorsienigheid van God, moet ons die virus wat Hy stuur, nie afwend nie, met as bewysplaas Matteus 9:12. Medisyne tydens siekte is wel veroorloof, maar nie as voorbehoedmiddel teen siekte nie. Inenting word gesien as die middel van 'n verwêreldlikte Christendom wat steun op die mens en sy wetenskap en nie meer op God nie.

Skrywers gaan op hierdie argument in en toon aan dat hierdie besware teen die inenting nie vanuit die Christelike etiek houdbaar is nie. Die hele problematiek van die prinsipiële besware teen polio-inenting is in die konteks van Suid-Afrika feitlik irrelevant. Tog word die skopus wyer, as in hoofstuk 5 gehandel word oor die geloof en die gebruik van moderne middele, wat ook in ons samelewingstruktuur van belang is. Vanuit die beskouings van Calvyn toon die skrywers aan dat die voorsienigheid van God nooit die menslike verantwoordelikheid elimineer nie. Slegs middele wat op sigself nadelig is, is verkeerd.

Uiteindelik word die konklusie getrek dat dreigende gevare nie afgewag nie, maar afgeweer moet word. As alles gedoen is om die gevaar af te weer, kan die gelowige die verdere verloop in vertroue op God rustig afwag.

Die publikasie is gerig op 'n teikensituasie en -groep in Nederland. Gesien in die lig van die wyer skopus van die probleem word tog Christelik-etiese vrae aan die orde gestel en beantwoord, wat vir elke gelowige van belang is. Die trant van die betoog is logies, verstaanbaar en boeiend. Die probleem word deur die skrywers benader vanuit 'n Bybelsreformatoriese beskouing. Vir die belangstellende leser bied dit duidelike riglyne.

**TFJ Dreyer (jr)**

**TFJ Dreyer – Poimeniek, 'n Pastorale oriëntasie;** H.A.U.M., 1981; 135 bl, prys: R10,75.

Dit is verblydend dat daar ook in Afrikaans handboeke verskyn oor die herderlike sorg. Die verskyning van hierdie boek moet daarom verwelkom word. In die buiteland is daar 'n stroom van publikasies op hierdie terrein, maar dit bring groot verwarring vanweë die uiteenlopende standpunte wat voorgestaan word. Hierdie onderhawige werk wil 'n pastorale oriëntasie wees. Die skrywer slaag goed

daarin om op 'n kort en bondige wyse 'n oorsig van hierdie geweldig wye veld te bied.

Die skrywer wil graag erns maak met die vakke wat aandag gee aan die mens, sonder om die eie karakter van die pastoraat as teologiese wetenskap in te boet. Hy wil die gegewens van die ander wetenskappe gebruik, maar dan as hulwetenskappe vir die pastoraat. Vir my is dit verblydend dat die skrywer duidelik uitgaan van die Bybel as die geopenbaarde waarheid van God. Hy sien verder die pastoraat as 'n besondere vorm van verkondiging. Hoewel hy dit kwalifiseer as 'n vorm van verkondiging as gesprek, word die aspek van die verkondiging te sterk gestel en dit laat nie die gesprek tot sy reg kom nie. Hierin slaan die invloed van Barth deur.

Met groot instemming het ek die oorsig oor die verskillende fasette van die pastoraat gelees. Dit is goed gebalanseerd en wil steeds uitgaan van die Skrif. Vir my was die twee hoofstukke naamlik "Die pastoraat as gespreksmatige verkondiging" (Hoofstuk 8) en "Die verkenning van die arbeidsvelde van die besondere pastoraat" (Hoofstuk 12) die beste, hoewel baie kort.

Hierdie werkie kan met vrug gelees word deur studente,leraars en kerkraadslede. Dit word sterk aanbeveel.

**AC Barnard**

**MJ du P Beukes – Huisbesoek;** H.A.U.M., 1981; 192 pp; prys: R10,50

Met hierdie publikasie wou die skrywer aan ampsdraers 'n handleiding bied vir die doen van huisboek. Hierin het hy uitmuntend geslaag, maar hy het tegelyk veel meer gebied.

Eers word 'n aantal Bybelse gegewens gegee in verband met herderlike sorg of "huisbesoek" wat die skrywer deurgaans gebruik. Die klem val op die eenheid van die gemeente, maar waarin aan die enkeling ook besondere aandag gegee word. As die skrywer hier die Bybelse gegewens sterker eksegeties kon funder, sou die waarde van die boek nog groter gewees het.

Hierop volg 'n beknopte historiese oorsig. Ook word stilgestaan by 'n paar moderne standpunte, soos E Thurneysen, K Dijk, Faber en Van der Schoot, JE Adams, JJ de Klerk, J Firet en JI de Wet. Hy gee beoordeling van die standpunte en gee voorkeur aan die gedagte dat huisbesoek Woordverkondiging is. Die werk sou nog beter gewees het as hy in gesprek getree het met mense soos D Stollberg, R Riess, HJ Clinebell, Hielema, G Heitink, en ander.

In 'n aparte hoofstuk staan die skrywer stil by die vraag: Wat is huisboek? Dit is te verwelkom dat hy sy vertrekpunt uit die Skrif neem. Hy sien huisbesoek as verkondiging van die Woord in die

vorm van 'n gesprek met die indiwidu of indiwiduele gesin. M.i. moet eerder gepraat word van huisbesoek as Woordbediening in die vorm van 'n gesprek, as van verkondiging, omdat dit steeds die konnotasie het van die gesagvolle aankondiging en wat gesprek nie tot sy reg laat kom nie.

In 'n mooi hoofstuk word stilgestaan by die mense wat besoek word. Hieruit blyk dat die skrywer by die konkrete mens wil uitkom. Hier kon met veel vrug meer gebruik gemaak gewees het van die gegewens van die sogenaamde menswetenskappe, sonder om die teologiese vertrekpunt enigsins te verkort.

Die laaste hoofstuk handel oor die praktiese inrigting van die huisbesoek. Hier word waardevolle leiding gegee. Dit is in die eerste plek vir leraars bedoel, maar ouderlinge en lidmate kan ook met vrug daarvan gebruik maak. Wat te waardeer is, is dat die skrywer wil wegkom van die formalistiese huisbesoek en dat dit weer 'n werklike gesprek moet word.

Dr Beukes se werk het baie meriete en dit kan met groot vrug gebruik word. Hartlik aanbeveel!

**AC Barnard**

**BJ van der Walt – Van Noyon na Genèva;** Calvyn-Jubileumboekefonds, Potchefstroom 1980; sagteband, 113 bladsye; prys onvermeld.

Hierdie werkie bevat reisindrukke van die skrywer oor die belangrikste plekke waar Calvyn vertoef het, te wete Noyon, Parys, Straatsburg en Genéve. Daarbenewens is daarin ook twee hoofstukke oor die gebiede waar die Hugenote hulle bevind het (die skrywer het nie self hierdie plekke opgesoek nie). In twee hoofstukke word beskryf hoe oorspronklike Calvyn-tekste vir navorsing na Suid-Afrika gebring is en in 'n enkele hoofstuk word iets gesê oor die geskiedenis van die boekdrukkuns. Dit word afgesluit met 'n versameling foto's.

Die werkie is wat die subtitel sê, naamlik die reisindukke van 'n Calvynpelgrim. Dis geen volledige reisbeskrywing of biografie van Calvyn nie en wil dit ook nie wees nie. Veeleer gee dit die persoonlike ervarings en verwonderings weer van 'n Afrikaner wat die vreemde Europa betree en tog plek-plek die bekende dinge teëkom wat ons aan daardie wêrelddeel verbind, naamlik die merktekens wat Calvyn op die wêreld gelaat het. As sodanig het die werkie eintlik net werklike waarde vir die skrywer en iemand wat self so 'n reis onderneem of onderneem het. Verder kan dit dien tot aansporing om dié plekke te besoek en studente in die Kerkgeskiedenis kan dit as aanskouingsmateriaal benut.

Dis 'n leemte in die werk (synde reisindrukke) dat die groot in-

vloed van Calvyn op die openbare lewe nie beskryf is nie. Die sigbare verskil in leefwyse tussen Rooms-Katolieke en Calvinistiese Protestante in Europa is vandag nog 'n lewende getuienis daarvan – iets waarvan ons onbewustelike erfgename is.

**JJ Steenkamp**

**Engelbrecht, BJ – God, Die Heilige Gees;** H.A.U.M., Pretoria en Kaapstad, 1981; 173 bladsye; prys: R8,50.

Dit is bekend dat die leerstuk aangaande die Heilige Gees gedurende die afgelope anderhalf dekades besondere aandag in die kerk en in die Teologie ontvang het. Die opkoms van die "charismatiese beweging" het die kerk voor indringende vrae aangaande die persoon en werk van die derde persoon van die Goddelike Drie-eenheid gestel. As antwoord op hierdie vrae het 'n hele aantal publikasies oor die Pneumatologie verskyn.

Onder hierdie publikasies neem prof BJ Engelbrecht van Pretoria se "God, die Heilige Gees" 'n eiesoortige plek in. Dit is nie die bedoeling van die skrywer om in hierdie studie 'n analise van die veelheid mekaar opponerende teorieë oor die Heilige Gees te gee nie, maar om, in hoofsaak, die leer van die Heilige Skrif in hierdie verband duidelik te beskryf. Dit het gelei tot die totstandkoming van 'n boek wat daarop gerig is "om ons gewone lidmate en ampsdraers in te lig oor al die vernaamste aspekte van die leer oor die Heilige Gees, en om sodoende iets van die rykdom wat daar opgesluit lê in die leer aangaande die Persoon, werk, gawes en vrugte van die Heilige Gees, in die lewe van ons lidmate en ampsdraers in te dra". Alhoewel die boek nie in die eerste instansie bedoel is as 'n reaksie in die vakteologiese debat nie gee die Skrifuitleg tog deurgaans blyk van grondige wetenskaplike verantwoording.

Die kort beskrywinge van tersaaklike dogma-historiese gegewens wat van tyd tot tyd gebied word, sowel as die kontrastering daarvan met die vermelding van enkele hedendaagse dwaalleringe, byvoorbeeld die Jehowagetuies se ontkenning van die Godheid en afsonderlike persoonwees van die Heilige Gees, werk mee daartoe dat die Bybelse leer oor die Heilige Gees besonder helder na vore tree.

Die insiggewende behandeling van temas, soos die doop met die Heilige Gees, die gawe van genesing en die gawe van die spreek in tale maak hierdie boek 'n besliste koerswyser vir diegene wat worstel met die vrae wat deur die pentakostalistiese kerkgroeperinge aan die orde gestel word. Hierdie publikasie word egter nie alleen vir laasgenoemde mense aanbeveel nie, maar vir alle lidmate, predikante en

teologiese studente. Met hierdie studie het die skrywer 'n belangrike bydrae tot die Afrikaanstalige teologiese literatuur gelewer.

**CJ Wethmar**

**Anatomy of Reformation, Flashes and Fragments of a Reformed Cosmoscope.**

Potchefstroomse Universiteit, 1981; 543 bladsye; R10,00

Hier het ons te doen met die sovéélste versameling lesings, voordragte en artikels van hierdie skrywer; hierdie keer, met die oog op 'n groter leserskring, in Engelse vertaling. So 'n samebundeling maak dit natuurlik moontlik dat stof van uiteenlopende aard in een omslag tuisgebirng kan word en hierdie boek is geen uitsondering nie. Die materiaal wat hier saamgevoeg is, varieer vanaf, aan die een kant, 'n jesulogie aan die hand van die vraag wat Jesus was – 'n rewolusionêr, askeet, konserwatis of wat; tot aan die ander kant, 'n ontleding van die betekenis van Paul Kruger vir die Afrikaner van vandag. Tussenin word daar verder aandag gegee aan sake soos die totale aanslag teen Suid-Afrika, soos gemanifesteer in terroriste-aanslae, en die intellektuele dekor van die Reformasie.

Die voordeel verbonde aan so 'n bundel is dat die stof nie maklik vervelig word nie, juis omdat so 'n wye spektrum belig word. Van der Walt skryf ook heel onderhoudend en die boek lees maklik en lekker. Die nadeel van so 'n samebundeling is gewoonlik egter dat die losstaande gedeeltes van wisselende kwaliteit is. Van der Walt se boek ontsnap nie aan hierdie gebrek nie. Die skrywer is op sy beste en leesbaarste wanneer hy die feitelike resultate van sy ondersoek weergee; en minder goed, alhoewel nog altyd meesleurend, wanneer hy die resultate van sy ondersoek byderwets wil toepas. Dit is dan wanneer hy meer propagandisties as wetenskaplik begin vertoon, en die neo-Calvinisties-Kuyperiaanse inslag in sy denke duidelik sigbaar word.

Hierdie is 'n boek waarin, uit die aard van die omvang daarvan, geweldig baie gesê word. Dit is 'n onbegonne taak om, op verantwoordelike wyse, 'n samevatting van die inhoud te gee of selfs te probeer gee. Daar kan egter gewys word op 'n aksent wat by Van der Walt na vore kom waarmee daar instemming betuig kan word, terwyl óók gewys kan word op 'n aksent waarmee daar nie saamgestem kan word nie.

Aan die kredietkant moet melding gemaak word van die feit dat die skrywer die beginsel van reformasie, dit wil sê vernuwing, só sterk beklemtoon. In hoofstuk ná hoofstuk kom die één groot waar-

heid na vore, dat die werklikheid van mens en wêreld net op een manier verbeter kan word, en dit is deur 'n radikale vernuwing van mens en maatskappy. Anders gesê: Die mens moet homself bekeer en só sy leefwêreld gaan vernuwe. Dit is 'n aksent in die boek wat met groot waardering raakgelees is. Wat veral ook in hierdie verband vermelding verdien, is die feit dat die skrywer die reformatoriese slagspreuk "ecclesia reformata semper reformandum est" so radikaal toepas op sy eie kerk. Hy wil 'n vernuwingsteoloog in die goeie reformatoriese sin van die woord wees. Hy wil alle tekens van stagnasie by die kerk vernietig. Die kerk moet die wapen wat hy ontvang het, dit is die Woord, reg gebruik om sodoende die wêreld waarin hy hom bevind, te vernuwe. Hiermee het Van der Walt 'n boodskap vir elke kerk en elke teoloog in Suid-Afrika waarna daar gerus geluister kan word.

Die hoofinskrywing aan die debietkant van die boek, is egter juis sy beskouing oor die Woord. Alhoewel hy dit nooit betoog nie, is dit duidelik dat hy 'n onkritiese en vanselfsprekende relasie van identiteit tussen die Woord van God en die Heilige Skrif lê. Die gevolg hiervan is dat hy hom somtyds skuldig maak aan twyfelagtige eksegese en, as gevolg hiervan, hoogs aanvegbare uitsprake. Daar kan volstaan word met één voorbeeld: Op bladsy 80 het hy dit oor die wyse waarop die Christen reformerend in die wêreld besig moet wees. Hy doen dit aan die hand van Matteus 5:13–16, waar Jesus sy dissipels aandui as sout van die aarde en lig vir die wêreld. Sy eksegese lui soos volg: Sout *doen* iets – dit bewaar teen verrotting. Die dissipel van die Here moet dus ook iets doen – hy moet iets doen om die wêreld teen verrotting te bewaar. Lig verdryf duisternis. God is lig. Sy Woord is lig. Die dissipel moet hierdie lig weerkaats – hy moet die Woord laat hoor. Tot sover goed en wel. Maar nou: "It is striking that Christ should first say that we are salt and then that we are lights. The order is very important (?)" Die wêreld moet eers sien wat die Christen *doen*. Daarna (!) "will follow the word, the explanation". Dit is 'n pragtige voorbeeld van hoe 'n fundamentalisties-biblisistiese Skrifhantering kan uitloop op 'n aktivistiese uitspraak van formidabele omvang.

Dit wil natuurlik nie sê dat elke stukkie eksegese bevraagteken moet word nie. Daar is selfs voorbeelde van skitterende eksegese, soos byvoorbeeld die van Matteus 22:15–22 op bladsye 54–65. Die leser leer gou dat hiér korrels èn kaf is en dat die twee drasties van mekaar geskei moet word.

Die boek is litografies swak versorg en wemel van onooglike drukfoute. Hier volg enkele voorbeelde: "tree" in plek van "three" in die voorwoord; "reconassance" in plek van "reconnaissance" op bladsy 3; "abivalent" in plek van "ambivalent" en "acetic" in plek van "ascetic" op bladsy 116 en "withdraw" in plek van "withdrawn" op

bladsy 120. Daar kom selfs drukfoute voor wat die hele strekking van 'n sin en selfs van 'n paragraaf verander. Die volgende voorbeeld is voldoende: "It is not time we try the opposite" in plek van "Is it not time we try the opposite?" op bladsy 265. Hierdie soort onnoukeurigheid kan nie anders as om 'n swak smaak in die mond van die leser te laat nie.

BJ van der Walt

**Die Verhouding van Uitverkiesing tot Bekering, met spesiale verwysing na die Dordtse Leerreëls.**

NG Kerkboekhandel Transvaal; Pretoria 1981; 193 bl + bylae en aantekeninge; prys R9.60

Die leer van die uitverkiesing en die Dordtse Leerreëls is ons dae nie juis onderwerpe wat besondere aandag in die kerklike gesprek ontvang nie. Dit hang waarskynlik saam met die feit dat danksy die verderflike invloed van die Wêreldraad van Kerke en sy Engels-Amerikaans-georiënteerde denke, die belangstelling vir die groot dade van God oorheers word deur 'n intense belangstelling in die doenigheid van die mens. Juis daarom is dit so verblydend en belangrik dat daar weer aandag gevra word vir die uitverkiesingsleer en die Dordtse Leerreëls, laasgenoemde 'n belydenisskrif wat hom intens besig hou met die vraag wat altyd weer gevra moet word na die verhouding van God tot die sondaar-mens.

Die boek val uiteen in agt hoofstukke. Na die inleidende hoofstuk waar veral oor die aktualiteit van die onderwerp gehandel word, volg hoofstuk 2: Die Godsbegrip, Antropologie en die Heilige Skrif as gesagsbron. Hoofstukke 3–6 is hoofsaaklik dogmenhistories en kyk, agtereenvolgens, na die Verhoudingsproblematiek God – mens by die Patristiek, die Pelagianisme, by Augustinus en Calvyn. Hoofstuk 7 handel oor die Worsteling rondom begrippe en 8 dra die opskrif: Die Dordtse Leerreëls as antwoord op die Verhoudingsproblematiek.

Soos uit die inhoudsopgawe gesien kan word, het ons hier met 'n deeglike en verantwoorde studie te make. Die hele saak van die uitverkiesing as daad van God en die bekering as daad van die mens word sorgvuldig en met die nodige kritiese sin, uitgepluis. Die uiteensetting het ook besondere waarde omdat hier baie historiese en dogmenhistoriese materiaal byeengebring, gesistematiseer en behandel word. Die slothoofstuk, wat die hoofklem dra, bespreek

die Dordtse Leerreëls uitvoerig – bladsy 128–193. Dit is 'n goeie uiteensetting en evaluering van die Leerreëls en dit is belangrik dat daar ook telkens gewys word op die tekortkominge wat in die Leerreëls opgemerk kan word. As sodanig is hierdie bespreking van die Leerreëls nog een van die bestes wat ek onder oë gehad het.

Daarom wil ek hierdie werk graag by alle teologiese studente en predikante aanbeveel. Ook die lidmaat kan met groot vrug hierdie werk lees, want in duidelike en netjiese taal word hier tog weer duidelik dat die uitverkiesing as daad van God geen skrikwekkende karakter het nie. Dit is die karikatuur-tekening van wat Dordt wil sê wat dikwels daardie karakter dra. Dit wil my tog voorkom dat daar eers 'n behoorlike studie van hierdie werk gemaak sal moet word voordat daar, in die vervolg, oor die Dordtse Leerreëls gepraat sal kan word. Daarom wil ek hierdie werk van Krüger as noodsaaklike leestof beskrywe wat op elke teoloog en gelowige se boekrak behoort te staan.

**JC Krüger**